

**13 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 8:1-17**  
**Fokusgedeelte: Daniël 8:18-19**

### **Wêreldgeskiedenis en die toorn van God**

So lyk die wêreldgeskiedenis in die oë van God: diere wat baklei! Daniël ontvang dié gesig in die derde jaar van Belsasar, toe die Babelse Ryk byna op sy end was. Persië sou Babel verslaan, waarna Persië weer verslaan sou word deur die Griekse Ryk, wat op sy beurt ook weer sou verbrokkel! Te midde van al dié woelinge sou God se volk terugkeer na hulle land soos God belooft het. Dié terugkeer is egter nie die einde van al hulle loutering nie.

Daar moet méér dinge in die lewe gebeur as net die verwydering van hierdie of daardie leier of wêreldmag! Let ook op dat toe die wêreld moeg gebaklei is, die afval onder God se volk 'n hoogtepunt bereik het en daar nog net die skyn van godsdiens was sonder innerlike krag.

Hierdie openbaring is 'n voorsmaak van wat in die eindtyd gebeur. Ons moet weet dat God die verskriklike swaarkry van sy kinders onder die Antichris sal toelaat, maar dat dit juis dien tot louering om die koring van die kaf te skei. Hierdie uitsig op die geskiedenis is swaar (dit het vir Daniël letterlik siek gemaak), maar dit neem juis valse hoop weg en sit 'n mens aan die werk) Hebreërs 10:36 sê dat ons volharding nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy belooft het.

*Sing: Psalm 94:11,12*

*Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*